



Wes-Kaapse
Regering



Gesinsgeweld en die wet

'n Handleiding vir slagoffers
van gesinsgeweld

Vermindering van geweld en verbetering van
gemeenskapsveiligheid

BETER TESAME.

Inhoud

1.	Oorsig oor gesinsgeweld	3
2.	Wat is 'n gesinsverhouding?	4
3.	Is jy 'n slagoffer van gesinsgeweld?	5
4.	Veiligheid begin by u!	8
5.	Wat kan die klaer (slagoffer) doen indien 'n polisielid versuim om sy/haar pligte uit te voer?	9
6.	Lewe in 'n onstuimige, mishandelende omgewing	10
7.	Slagofferbemagtigingsprogram (SBP)	11
8.	Wat doen die Departement van Gemeenskapsveiligheid?	13

1. Oorsig oor gesinsgeweld

Suid-Afrika is een van die lande in die wêreld met die hoogste voorkoms van gesinsgeweld. Elke dag word slagoffers binne hul eie huise vermoor, liggaamlik en seksueel aangerand, gedreig en verneder.

Wat is gesinsgeweld?

Gesinsgeweld vind plaas as daar mishandeling is in enige gesinsverhouding.

Wie kan 'n klag van gesinsgeweld aanhangig maak?

Enige persoon in 'n gesinsverhouding.

Die Departement van Gemeenskapsveiligheid wil
hê jy moet, **gesinsgeweld ten
strengste VEROORDEEL**



2. Wat is 'n gesinsverhouding?

Die term gesinsverhouding verwys na 'n verwantskap tussen 'n klaer (slagoffer) en 'n respondent (oortreder) op een van die volgende maniere:

- hulle is of was met mekaar getroud, insluitend huwelik volgens enige wet, gewoonte of godsdiens;
- hulle (of hulle nou dieselfde geslag of teenoorgestelde geslagte is) leef of woon saam in 'n verhouding wat die eienskappe weerspieël van 'n huwelik, hoewel hulle nie met mekaar getroud is of in staat is om met mekaar te trou nie;
- dit is die ouers van 'n kind of persone wat aangestel is as die wettige voog van daardie kind;
- hulle is familielede wat aan mekaar verwant is deur bloed, huwelik of aanneming;
- hulle is of was verloof aan mekaar, gaan uit of het uitgegaan of is of was in 'n verhouding, insluitend 'n werklike of waargenome romantiese, intieme of seksuele verhouding van enige tydskuur; of
- hulle deel of het onlangs 'n woonplek gedeel.



Die Wes-Kaapse Regering is verantwoordelik vir die ontwikkeling van veiliger gemeenskappe. Ons kan dit egter nie alleen doen nie; dit is van kardinale belang dat almal bewus is van gesinsgeweld en weet watter stappe om te volg.

Help ons om lewens en gemeenskappe te red

3. Is jy 'n slagoffer van gesinsgeweld?

Indien jy volgens die Wet op Gesinsgeweld nr. 116 van 1998 jouself in 'n gesinsverhouding bevind met iemand wat:

- jou fisies seermaak;
- seksueel aggressief of gewelddadig teenoor jou optree;
- jou emosioneel of geestelik aftakel;
- jou geld sonder jou toestemming beheer;
- jou intimideer of bang maak;
- jou teister;
- jou agtervolg;
- jou eiendom of besittings beskadig;
- jou huis sonder jou toestemming betree; of
- jou op so 'n wyse beheer dat dit jou gesondheid en welstand affekteer, het jy die volgende regte:

Die regte van 'n slagoffer van gesinsgeweld

Watter opsies het die klaer? Die klaer het die reg om —

- by die naaste landdroskantoor vir 'n beskermingsbevel aansoek te doen; en
- kan ook 'n kriminele klag by die polisiekantoor indien.

Hoe behoort die polisie te reageer op 'n klagte van gesinsgeweld?

- by die ontvangs van die klagte moet die lid van die Suid-Afrikaanse Polisie-diens (SAPD) toesien dat hy / sy voldoende inligting oor die voorval kry;
- die polisie moet op die klag reageer sonder enige onredelike vertraging;
- die polisie moet u inlig oor u regte en die beskikbare opsies en hierdie inligting aan u in u voorkeurtaal verduidelik;
- indien u 'n strafregtelike klag wil lê, moet die polisiebeampte 'n dossier oopmaak en vir ondersoek registreer;
- die polisiebeampte moet u inlig hoe om aansoek te doen vir 'n beskermingsbevel;

- die polisiebeampte moet u help om toegang tot geskikte mediese behandeling en / of geskikte tydelike huisvesting te kry indien nodig;
- indien daar vuurwapens of gevaarlike wapens gebruik is, moet hierdie wapens in beslag geneem en by die polisiekantoor bewaar word. Indien daar 'n vuurwapen in die huis is, kan die slagoffer 'n hofbevel kry om die wapen te verwyder indien hulle vrees dat hul lewe in gevaar is;
- die polisie kan iemand arresteer wat 'n beskermingsbevel verontagsaam, veral as iemand se lewe in gevaar is;
- indien 'n beskermingsbevel toegestaan word, moet die polisie dit binne 48 uur bedien, aangesien dit slegs aan u, die klaer beskerming kan bied vanaf die oomblik wat die respondente dit ontvang het;
- die klaer kan 'n polisiebeampte versoek om hom/haar te vergesel om persoonlike besittings te gaan haal.

Wat is 'n beskermingsbevel?

'n Beskermingsbevel is 'n bevel wat deur 'n hof uitgereik word wat bepaal dat iemand wat gesinsgeweld pleeg (die respondente) sodanige geweld staak.

Die bevel kan die respondente ook verbied om:

- die hulp van 'n ander persoon te verky om sodanige daad te pleeg;
- 'n woning te betree wat gedeel word deur 'n klaer en die respondente of 'n bepaalde deel van die gedeelde woning of die werkplek van die klaer of woning van die slagoffer;
- enige ander handeling uit te voer soos gespesifiseer in die beskermingsbevel, met inbegrip van die bevel om op die vuurwapen of gevaarlike wapen van die respondente beslag te lê; of
- die slagoffer te dreig dat geldelike hulp weerhou sal word.

Aansoeker en respondente

- slagoffers van gesinsgeweld moet die voorval eerstens by hul plaaslike polisiekantoor aanmeld;
- die slagoffer in die aansoek om 'n beskermingsbevel word nou die aansoeker;

- die vermeende oortreder in die aansoek om beskerming teen gesinsgeweld word die respondent;
- 'n tussentydse beskermingsbevel kan slegs gedurende kantoorure uitgereik word; of
- indien die slagoffer nie 'n regsverteenwoordiger het nie, is die klerk van die hof volgens wet verplig om die slagoffer in kennis te stel van beskikbare regsopsies.

Wie kan aansoek doen vir 'n beskermingsbevel?

- enige slagoffer van gesinsgeweld, kinders en, as hulle te jonk is,
- 'n ouer of voog, of enige persoon wat optree namens iemand wat daarvoor verantwoordelik is, kan met hul toestemming aansoek doen om 'n beskermingsbevel;



4. Veiligheid begin by u!

- die Wes-Kaapse Regering kan hulp en ondersteuning bied aan gesinne in nood;
- mense in 'n verhouding en familielede moet na mekaar omsien;
- Indien u weet van 'n persoon of kind wat in u gemeenskap mishandel word, moet u dit rapporteer;
- Laat u stem hoor en sorg dat gesinsgeweld gerapporteer word;
- meld misdaad anoniem aan: Skakel Stop Misdaad ("Crime Stop") by **08600 10111** of stuur 'n SMS na die MISDAADNOODLYN na **32211** (R1/sms);
- Vir meer inligting, besoek www.westerncape.gov.za of skakel **0800 220 250**.

Het u geweet daar is 'n ten volle operasionele 24/7 blitslyn-fasiliteit waar u Geslagsgebaseerde Geweld kan rapporteer en bystand ontvang:

- Noodnommer: **0800 428 428**
- USSD-nommer: ***120*7867#**
- Skype: "**Helpme GBV**"
- SMS-nommer: "Help" na **31531**

Kom ons werk saam en skep 'n toekoms sonder geweld

5. Wat kan die klaer (slagoffer) doen indien 'n polisie lid versuim om sy/haar pligte uit te voer?

- indien 'n polisiebeampte versuim om hierdie verantwoordelikheid na te kom, kan 'n slagoffer die saak by die stasiebevelvoerder by die betrokke polisie stasie aanmeld;
- die klagte sal in die klagteregister aangeteken word, met die naam van die betrokke lid, die datum waarop die klag ingedien is, en die besonderhede van die klagte;
- indien die slagoffer nie tevrede is met die uitslag na die ondersoek van die klagte nie, staan dit hom/haar vry om die saak verder te voer;
- die slagoffer het ook op enige stadium die reg om oor die polisie se ondoeltreffendheid by die Wes-Kaapse Polisie-ombudsman te kla. (Raadpleeg die kontakbesonderhede op die laaste bladsy van hierdie boekie).

Wat kan 'n klaer doen indien die persoon die beskermingsbevel verontagsaam?

- Die klaer kan (indien nodig) telefonies met die SAPD in verbinding tree. 'n Verklaring sal dan by hom/haar afgeneem word;
- die polisie sal van die lasbrief vir inhegtenisname voorsien word wat die klaer saam met die beskermingsbevel ontvang het (indien die klaer dit verloor het, kan 'n ander een verkry word deur 'n aansoek by die hof in te dien) en;
- indien die slagoffer se lewe bedreig word, sal die respondent gearresteer word. So nie sal hy/sy kennis gegee word om in die hof te verskyn.

STAP-VIR-STAP GIDS OM 'N BESKERMINGSBEVEL TE KRY		
STAP 1		Rapporteer die klag by die plaaslike polisiekantoor.
STAP 2		Doen by die landdroshof om 'n beskermingsbevel aansoek.
STAP 3		'n Landdros oorweeg die aansoek.
STAP 4		'n Tussentydse beskermingsbevel kan toegestaan word en sal dan aan die respondent beteken word.
STAP 5		Hofverrigtinge of verhoor van getuies om te bepaal of 'n finale beskermingsbevel verleen moet word.
STAP 6		Gevalge vir die respondent indien hy/sy die voorwaardes van 'n finale beskermingsbevel oortree.

**Inligting verkry van die Wes Kaap Siviele Sekretariaat vir die Suid-Afrikaanse Polisie diens*

6. Lewe in 'n gevaarlike omgewing

Waar 'n persoon in 'n gevaarlike situasie met ander saamleef, moet hy/sy altyd voorbereid wees om op kort kennisgewing weg te gaan.

Hy of sy moet altyd 'n lys met noodtelefoonnommers byderhand hou, insluitende die volgende:

- geld op 'n veilige plek sodat 'n taxi of bus in 'n noodgeval bestel kan word;
- 'n ekstra stel sleutels vir die huis of motor;
- 'n stel klere vir hom/haar en sy/haar kinders in 'n sak verpak en op 'n veilige plek gebêre (byvoorbeeld by 'n buurman se huis);
- noodsaaklike dokumente soos ID's, u mediese fonds en bankkaarte.

HET U GEWEET?

“Die Slagoffer Handves bepaal dat u die reg het om:

met billikheid, respek en waardigheid behandel te word;

op 'n sensitiewe manier behandel te word, insluitend beskerming van u persoonlike inligting;

inligting te verskaf en te ontvang en beskerm te word.”

Wat doen die Departement van Gemeenskapsveiligheid?

Die Departement van Gemeenskapsveiligheid (benewens ander verantwoordelikhede) sorg dat die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) aan die regulasies van die Wet op Gesinsgeweld nr. 116 van 1998 voldoen en bied oplossings vir beter dienslewering.

7. Slagofferbemaagtigingsprogram (SBP)

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het die Slagofferbemaagtigingsprogram (SBP) in die lewe geroep om mense te ondersteun wat liggaamlike, geestelike of emosionele skade gely het deur misdad of geweld (insluitend slagoffers van gesinsgeweld). Die ondersteuning word ook aan hul gesinne verleen.

Wat die Departement aanbied:

Die Slagofferbemaagtigingsprogram en ons vennote in die Wes-Kaap bied 'n verskeidenheid dienste, wat die volgende insluit:

- emosionele en praktiese ondersteuning;
- hulp met die hantering van trauma;
- om te verseker dat mense opgelei word om die simptome van post-traumatiese stres te kan identifiseer;
- verwysings na professionele dienste;
- nooddienste aan slagoffers te voorsien;
- die bevordering van die regte en verantwoordelikhede van slagoffers;
- te verseker dat voortdurende viktimisasie voorkom word; en
- tydelike huisvesting.

'n Plek van tydelike huisvesting is 'n plek waar mense wat deur misdad en geweld geraak word, vir 'n tydperk van een dag tot ongeveer drie maande kan woon, afhangende van hul behoeftes.

Die plek moet aan die volgende basiese behoeftes voorsien, soos:

- 'n veilige plek om te woon;
- beskerming, kos en klere;
- emosionele ondersteuningsdienste soos trauma-berading en terapeutiese berading;
- inligting oor die ontwikkeling van vaardighede, die regte van die slagoffer en opleiding;

- ondersteuning ter voorbereiding van die hofprosedures;
- programme gefokus op vermeende oortreders; en
- geslagsgebaseerde geweldvoorkomingsprogramme.
- indien die slagoffers kinders het, moet hulp aan die kinders ook gelewer word.

Wat om te doen indien u 'n slagoffer van gesinsgeweld word:

- gaan na 'n plek van veiligheid;
- meld die voorval by die betrokke owerhede aan;
- kry toegang to mediese dienste;
- vra hulp van 'n betroubare persoon of maatskaplike werker.

Met wie kan ek in verbinding tree?

Die Provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: 021 483 5045

Tolvrye nommer: 0800 220 250

E-pos: SD.CustomerCare@westerncape.gov.za

Geslagsgebaseerde geweldsbevelsentrum: 0800 428 428

(aanlyn- traumaberading 24 uur / 7 dae trauma)

Polisie: 10111

SASSA: 0800 60 10 11

**Hierdie inligting is deur die Wes-Kaapse departement van maatskaplike ontwikkeling verskaf.*

**Verminder
Geslagsgebaseerde
Geweld deur die bou van
Vennootskappe met
Gemeenskaps-
organisasies**

8. Wat doen die Departement van Gemeenskapsveiligheid?

Die Departement van Gemeenskapsveiligheid (benewens ander verantwoordelikhede) sorg dat die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) voldoen aan die regulasies van die Wet op Gesinsgeweld nr. 116 van 1998 en lewer advies ten op sigte van beter dienslewering.

Indien u, of iemand wat u ken, nie tevrede is met die diens wat deur die SAPD gelewer word nadat u 'n gesinsgeweldvoorval aangemeld het nie, maak dan asseblief 'n formele klag aanhangig by die **Wes-Kaapse Polisie-ombudsman**:

- **Fisiese adres:** Waldorf-gebou op die 6de Verdieping, St Georges Wandelhal 80, Kaapstad, Suid-Afrika, 8001
- **Kantoor:** 021 483 0669
- **Faks:** 021 483 0660
- **Epos:** ombudsman@wcpo.gov.za
- **Webwerfadres:** www.westerncapegovernment/Police-ombudsman
- **Kantoorure:** Maandag tot Vrydag
07:00 tot 16:00 (openbare vakansiedae uitgesluit)

Indien u, of iemand wat u ken, bewus is van voorvalle van gesinsgeweld wat vanweë SAPD se ondoeltreffendheid van die hofrol geskrap is, stuur dan 'n klag na die Hofmoniteereenheid ("**Court Watching Brief Unit**"):

- **Fisiese adres:** Waalstraat 35, Kaapstad, Suid-Afrika, 8001
- **Kantoo:** 021 483 3394
- **Faks:** 021 483 6026
- **E-pos:** Monitor.GBV@westerncape.gov.za
- **Kantoorure:** Maandag tot Vrydag
07:00 tot 16:00 (openbare vakansiedae uitgesluit)

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

Hoofdirekoraat: Sekretariaat vir Veiligheid en Sekuriteit

www.westerncape.gov.za



Wes-Kaapse
Regering